Monumente-plakboek lei tot bewaringswerk

AJ Opperman

Dr. Janet du Plooy en Elna Clark.

Dr. Janet du Plooy se lewensdae was al van jongs af vol geskiedenis. Kleintyd het haar pa die gesin na monumente regoor Suid-Afrika geneem. Op 12 het sy haar eerste "geskiedenisboek" geskryf – 'n plakboek oor monumente in die land.

Nou nog is geskiedenis, hetsy kultuur of kuns, 'n voorliefde. Du Plooy en haar suster, Elna Clark, bedryf die afgelope tien jaar West Rand Heritage Consultants in Krugersdorp, die enigste erfeniskonsultasie-onderneming aan die Wes-Rand.

Maar wat behels die werk van 'n erfeniskonsultant?

"Mense nader ons om erfenisimpakstudies te doen. Ingevolge die erfeniswetgewing van 1999 se art. 34 mag 'n gebou ouer as 60 jaar nie sommer net gesloop of uitgebrei word. 'n Permit is hiervoor nodig. Ek doen impakstudies en doen aanbevelings."

Dit blyk Wes-Randers ag erfenis hoog. "Ek moes al studies in Wilgeheuwel-uitbreiding 34 doen en ook in Weltevredenpark. Dié eiendom was die oorspronklike huis van die Weltevredenplaas. Die ou waenhuis en werftuin is ook nog daar. Gables Office Estate besit dit nou." Dié eiendom is skuins agter die Hillfox-sentrum.

Mense het nie altyd die nodige kennis oor permitte nie, en dit is waar die konsultasie inkom, sê Du Plooy. Dit is 'n beroep wat navorsing verg. Dikwels benodig hulle die oorspronklike bouplanne.

Hul werk strek verder as die Wes-Rand. Clarens, Potchefstroom en Middelburg, Mpumalanga, is van die plekke waar hulle al gewerk het.

"Met enige ontwikkeling moet die publiek in kennis gestel word. Advertensies word in 'n Afrikaanse en Engelse koerant geplaas met 'n 30-dagvensterperiode. Mense moet dan hul belange by die projek registreer en mag beswaar maak. In daardie tyd word 'n verslag geskryf. Ná die uitreik van 'n permit het mense weer 14 dae om dit teen te staan."

Haar plakboek oor monumente het sy intussen weggegee, maar haar naam staan wel op 'n boek: *Die dagboek van Dirk Postma*. Postma het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestig.

● As jy belangstel in die boek, stuur 'n e-pos na info@wrhc.co.za.

WES-BEELD 12 September 2014